// Die WAPAD

STUDENTEBLAD VAN DIE P.U.K. VIR C.H.O.

**Hoofredakteur:** P. J. W. Louw. **Tegniese Adviseur:** P. H. S. Pieterse. **Hulp-Adviseur:** C. Malan.

**Subredakteure:** D. F. Erasmus, J. A. Venter, H. de Klerk, Mejj. M. Calitz en M. Kruger.

**Administrasie:** L. J. Nelson (voors.), F. Bothma, P. Viljoen, F. du Randt.

Deel V. No. 1. 18 Maart 1950. 3/- per jaar.

# MERKWAARDIGE SUKSES BEHAAL

## OP INTER-S.R.-KONFERENSIE TE DURBAN

**Op die terrein van inter-universitêre verhoudinge, is 'n nuwe mylpaal behaal deur die uitkoms van die inter-universitêre rondetafel-konferensie wat op 15 en 16 Februarie in Durban gehou is.**

**Daar is geslaag om eenstemmigheid te bereik oor die groot struikelblok in inter-universitêre betrekkinge gedurende die afgelope tien jaar. Deurdat daar geslaag is om 'n prinsipiële grondslag te formuleer as basis vir kontak en samewerking op uitvoerende gebied tussen die verskillende universiteite van ons land, is die uitkoms van die konferensie uniek in die geskiedenis van inter-universitêre verhoudinge in Suid-Afrika.**

**Die geformuleerde basis vir kontak spruit direk uit die prinsipiële grondslag, en indien dit konsekwent deurgevoer word, sal dit 'n nuwe fase in inter-universitêre verhoudinge inlui.**

**Die beleid teenoor die „gemengde" universiteite en teenoor die Verteenwoordigende Studenterade van nie-blanke universitêre inrigtings is deur die geformuleerde prinsipiële en organisatoriese besluite op 'n hegte basis geplaas.**

**Die kenmerkende gees op die konferensie was die van waaragtige welmenendheid, benadruk deur die vriendskaplike atmosfeer in en buite die konferensie.**

Die konferensie het plaasgevind op uitnodiging van die verteenwoordigende Studenteraad van Durban. Afgevaardigdes was gestuur van die volgende Studenterade: Durban, Pietermaritzburg, Pretoria binne- en buitemuurs, Rhodes, Stellenbosch en Potchefstroom. Kaapstad het twee waarnemers gestuur, terwyl die Direktrise van Publikasies van N.U.S.A.S. die konferensie toegeluister het. U.K.O.V.S. was deur voorbereiding vir hulle selfstandigwording verhinder om teenwoordig te wees.

Die houding deur Wits. aangeneem, is sterk betreur op die konferensie. Hulle afwesigheid spruit uit hulle aprioriese verwagting dat die konferensie tot niks sal lei nie. „The Dome," offisiële orgaan van die studente van Durban en derhalwe op hoogte met die houding aangeslaan, het hom hieroor sterk uitgelaat: "Two of the largest and presumably most broad-viewed universities in Southern Africa, declined this invitation on the ground that the absence of representatives of non-European students, would restrict discussion on several of the points in the agenda. This apparent unwilling attitude on the part of these two student groups—the S.R. Councils of the universities of Cape Town and Witwatersrand—can not surely be interpreted as much as parochialism; but rather we suspect a slight amount of what has come to be termed professional jealousy . . . All or nothing appears to be their motive. For in spite of ostensible reasons concerned with non-European representation, we cannot avoid the thought that jealousy, or bad manners have detracted somewhat from the outcome of the conference."

**Namens P.U.K. is die volgende beleidsverklaring voorgedra:**

**Dit is vir my 'n genoeë om namens dis S.R. van P.U.K. te kan konstateer dat ons nie alleen bereid is nie, maar ook begerig is, om samewerking te verkry met alle blanke universiteite in S.A., mits die verteenwoordigende liggaam van sodanige universiteit in beginsel, of in praktyk, die selfstandige eie aard van blanke en nie-blanke opvoeding erken en dus bereid is om aan die nie-blanke 'n uitsluitende eie op-**

(Vervolg na bls. 8, kol. 2).

# REDAKSIONEEL

## WELKOM.

1950 het begin en alle aktiwiteite van die P.U.K. is reeds in volle swang. Graag wil die Redaksie van „Die Wapad" dan ook elke lid van die P.U.K.-gemeenskap 'n hartlike „Welkom" toeroep en die wens uitspreek dat die jaar 1950 'n hoogtepunt in ons studentelewe as geheel mag wees. Ons innigste wens is dat die Studenteraad die nodige lig en krag van God mag ontvang om aan die P.U.Kaners die regte leiding te gee, sodat ons as 'n aktiewe Christelike studentegemeenskap almal mag saamwerk in diens van ons Alma Mater en tot eer van God.

## „WETENSKAPVERENIGING."

Die redaksie van „Die Wapad" het dit vanjaar goedgedink om weg te doen met die rubriek „Verenigingslewe" en in die plek daarvan artikels te laat verskyn wat meer betrekking het op die akademiese belangstelling van die studente. Ten slotte het elke student tog belangstelling in die akademiese lewe en wel nie net in die rigting waarin hy studeer nie. Die verskillende „akademiese verenigings" wat in die afgelope paar jaar hier ontstaan het, soos die Filosofiese vereniging, die Regsvereniging en die Ekonomiese vereniging getuig van hierdie belangstelling. Die vraag kom by 'n mens op of daar dan nie 'n „Wetenskap-vereniging" gestig kan word nie. So 'n vereniging moet dan al die terreine van ons Akademiese lewe dek en sorg vir gereëlde lesings oor een of ander AKTUELE onderwerp of probleem. Die lesings moet so uitgewerk wees dat die lesing wat gaan oor 'n filosofiese onderwerp ook die koudste natuurwetenskaplike se belangstelling sal prikkel en dat die wiskundige met aandag sal luister na 'n teologiese onderwerp.

Indien so 'n vereniging gestig kan word sal dit beteken dat die reeds bestaande „Akademiese verenigings" daarvoor moet plek maak. Hierdie vereniging kan daartoe meehelp om ons studente se gees te verruim, hulle algemene kennis uit te brei en te voorsien aan 'n behoefte wat lank reeds gevoel word.

Ons studenteblad wend 'n poging aan om aan hierdie behoefte te voldoen en stel hom ook tot beskikking om die stigting van 'n sodanige vereniging te bevorder.

## S.R.-KONFERENSIE.

Die eerste werklike geslaagde inter-universitêre konferensie is verlede maand in Durban gehou. Die feit dat 'n basis van samewerking op uitvoerende gebied tussen die verskillende universiteite eindelik gevind is, is inderdaad verblydend vir elke student wat die saak in die regte perspektief sien. In die verlede is daar baie rondgetas na so 'n kontakbasis vir die verskillende universiteite van ons land wat beslis vir elke universiteit sowel as vir ons volk 'n bate sal wees. Die groot waarde van hierdie kontakbasis lê daarin dat die universiteite van Suid-Afrika mekaar gevind het om indien nodig, die studente gemeenskap van ons hele land as 'n eenheid te laat optree en ook ons inter-universitêre aktiwiteite op die gebied van sport, kuns, akademiese sake en so meer te bevorder.

Met hierdie Konferensie is egter nog nie die volkome samewerking gevind nie aangesien Universiteite Kaapstad en Witwatersrand nie verteenwoordigers gestuur het nie. Desnieteenstaande vertrou ons dat hulle samewerking ook verkry sal word.

Hierdie verwikkeling op inter-universitêre terrein beïnvloed of oorvleuel hoegenaamd nie die taak en terrein van die A.S.B. nie. Die A.S.B. as bindende krag van ons Afrikaanse universiteite sal steeds voortgaan om aktief werksaam te wees in belang van ons christelik-nasionale beginsels.

## *VAN S.R. WEË*

Soos u in die bylaag van hierdie uitgawe sal bemerk, is die S.R. van plan om in elke uitgawe van „Die Wapad" hierdie kolom waar te neem.

Die doel hiervan is om ons studente in te lig i.v.m. die werksaamhede van die S.R. Dikwels is daar sake onder behandeling wat baie aktueel is. Derhalwe is dit die S.R. se plig om die studente op hoogte te hou. Nie alleen behoort dit die belangstelling in die studente-lewe wakker te hou nie. Veelmeer—sodoende sal die samewerking tussen die S.R. en die studente verseker wees. Die hoop is dat hierdie kolom in die loop van die jaar veel vrugte sal afwerp.

* * *

In die bylaag van hierdie uitgawe sal u bemerk dat die S.R. 'n reeks reglemente opgestel het i.v.m. sekere liggame en aspekte van die studentelewe. Ons wil u almal versoek om dit deeglik te bestudeer aangesien dit veel sal bydra tot die funksionering van ons studenteorganisasie.

* * *

Die S.R. wil u baie sterk aanraai om die verslag van Mnr. B. Spoelstra te lees oor die konferensie te Durban. Deur dit deeglik te bestudeer sal u op hoogte kom met inter-universitêre verhoudinge.

***Ondersteun***

***O***
***n***
***s***

***Adverteerders***

# KUNS EN WETENSKAP

## BALLET

**Liefhebbers van die toneeldans het Woensdagaand 8 Maart die geleentheid gehad om hulle te verlustig in die aanbieding van die Bodenwieser-balletgroep in die stadsaal op Potchefstroom.**

Die groep was uitstekend afgerig deur madame Gertrud Bodenwieser. Voor die klavier was Dory Stern. Jammer is dit dat die pianiste nie met meer gevoel gespeel het nie, en net op tegniek gekonsentreer het. **"The Waterlillies,"** een van die hoogtepunte van die voorstellinge, sou byvoorbeeld baie mooier en fyner kon gewees het met 'n fyner en baie sagter musikale illustrasie. Ook die **"Christmas Song"** waar die Madonna optree kon baie sagter en delikater gespeel gewees het.

Alhoewel die ondersteuners van die aand miskien die pianiste se tegniek begeer, sou die effek van die geheel nog meer tot sy reg gekom het as sy meer fynheid en delikaatheid in haar begeleiding aan die dag gelê het by die fynere parte waar die musikale illustrasie dit beslis vereis.

Inderdaad kostelik was "Impressions of a swinging Bell'—die kostumering het perfek by die onderwerp aangepas en die ballet is uitgevoer deur **Mardi Watchorn.**

By die ritmiese danse moes die pianospel natuurlik aldeur in die **forte**-trant bly en die pianiste het haar baie goed van haar taak gekwyt.

Aan ondersteuning van die kant van die gehoor het dit ook nie ontbreek nie, en te oordeel na die dawerende applous wat deur "Life of the Insects" en veral deur **"Cinderella of Old Vienna"** en **"The Blue Danube"**, albei van **Johann Strauss,** ontlok is, het die program voldoen aan die hoogste verwagtings.

Suid-Afrika is die derde plek waar hierdie balletgroep 'n aanbieding lewer, en die eerste na hulle onlangse toer deur Rhodesië. Nadat hierdie geselskap aan Nieu-Seeland die volgende besoek gaan bring, sal die Verenigde State besoek word.

DANIËL F. ERASMUS.

## „DIE PUKKIE"

**P.U.Kaners, ons glo nie dis nodig om „Die Pukkie," u eie blad, aan u voor te stel nie.**

**Maar aan al die eerstejaars wil die Redaksie net meedeel dat „Die Pukkie" die offisiële orgaan van ons Vreugdedag is. Dit dien as mondstuk van die studente om in die besonder aan die publiek van Potchefstroom en Klerksdorp, maar ook aan die belangstellendes iets interessants mee te deel. Die inhoud van die blad vind sy aansluitinng derhalwe by die Vreugdedag self.**

**Eerstejaars, die Redaksie wil nou 'n baie vriendelike beroep op u doen om alles in u vermoë te doen om ons te steun. Sorg dat u elkeen 'n bydrae lewer voor die einde van hierdie kwartaal. Skryf enige iets wat gesonde studentepret en humor openbaar en „Die Pukkie" sal ook u blad word. Bydraes kan by enige van die Redaksielede ingehandig word.**

**V. E. D'ASSONVILLE,**
**(Hoofredakteur „Die Pukkie").**

## OUPA BROMPIE en CANDIDA.

Toneelkunsentoesiaste sal die voorreg hê om twee gewilde toneelstukke **Oupa Brompie,** geskryf deur Horace Hodges en T. W. Percyval, in Afrikaans vertaal, en **Candida** van die bekende George B. Shaw, Vrydag en Saterdag, 23 en 24 Maart, by te woon. Miskien kan net meegedeel word dat die eersgenoemde stuk 'n speur-blyspel is waarin **Hendrik Hanekom** die titelrol vertolk.

Nasionale Toneelorganisasie, aan ons almal bekend, bring die twee stukke op die planke.

## JOSE ITURBI.

Die bekende vier-en-vyftig jarige pianis, **Jose Iturbi** van Amerika, is van voornemens om 'n besoek aan Suid-Afrika te bring in Mei-maand e.k. Onthou sal word dat Iturbi verantwoordelik was vir die klavierspel o.a. in "A Song to Remember," die verhaal van Chopin in draaiboek verwerk.

*Studente!*

As u gaan Fliek, of in die dorp kom
BESOEK

**ASTRA MILK BAR**
**(LANGS DIE GRAND).**

DIE KAFEE WAT DIE STUDENT SE DORS LES.

Potchefstroom se Mees Moderne DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van
**Dames rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme, Naaiwerkbenodighede, ens**

**BY**

**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)

**Posbus 221. Foon 440.**

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE
**en**
KOLONIALE
WYNSOORTE
**en**
SPIRITUALIEË.

ELKE DAG VARS

**TURKSTRA SE BAKKERY**

BROOD EN ALLE KOEKSOORTE.

RAADPLEEG ONS VIR

BRUIDSKOEKE.

**W. J. SPAVINS EN SEUN**

VIR ALLE

Elektriese Benodighede, Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65, POTCHEFSTROOM.

**GILFILLAN EN STROH**

POTCHEFSTROOM.

FIETSE EN FIETSREPARASIES

**LUCILLE**

DIE ROK SPESIALIS

Altyd eerste met die Jongste.

Foon 62.
Kerkstraat 146,
POTCHEFSTROOM.

# DIE REPUBLIEK GATHLANDIA

## PROKLAMASIE UITGEVAARDIG BY DIE BEWINDSAANVAARDING VAN DIE PASGESTIGTE REPUBLIEK.

„GATHLANDIA" (waarby ingelyf is die vroeëre staat „HOLLAND" en die Protektoraat „COFFINS REST" en die ander kolonies wat eertyds gestaan het onder „Garibaldi" en sy 1000 „ROOIHEMDE").

Met die pas afgelope Verkiesingstryd, en in oorleg met die V.V.O. (oud-student Koos) waar die Republiek verteenwoordig was, is sy Hoogedele weleerwaarde Dr. Platbos die Hertog van Du Plessis, wat geslaan is met die ysterkruis en olyftakke (gemeng met Parker Quink) eenparig gekies as die eerste President van die nuutgestigte Republiek „GATHLANDIA." Die plegtigheid het plaasgevind op Donderdagnag skuins voor middernag geleë op 303 grade suid van die ewenaar gebaseer op die stelsel van abdominale belangrikheid van algehele segregasie met kulminasie-punt in die feminale.

Na breedvoerige samesprekings „absum" en „adsum" is die volgende kabinet saamgestel:

(1) Sy Hoogheid Die Rait Onerobale President (in sy hoedanigheid ook Eerste Minister en inwyer van Monumente) Die Weleerwaarde Heer Dr. Platbos die Hertog van du Plessis.

(2) Minister van nagraadse studie (ekstern en intern) asook vise-onder-Ere Adjunk President Die Gestrenge Sy Edele Dr. Eric Wit Piet Venter.

(3) Minister van Binnelandse Sake, Tuinbou en algemene interne sake, Onkruiduitroei-ing en onsedelike lektuur. Die Gestrenge Heer Victoris Amoris D'Assonville.

(4) Minister van Buitelandse Sake en vervoer na die visdam (Hillman), die veelbereisde heer sy Gestrenge die Regter President Dr. „Van" van Niekerk.

(5) Minister van Spykerbewaring, Liefdesverspoeling, Staatskassier en sekretaris, Sy Edele Prof. Dr. Whitehead, wat geslaan is as ridder van die Ligte-helm.

(6) Minister van Publikasie, Organisasie,, Stigtelike lektuur, en Poswese, Sy Edele Dr. P. H. S. Pieterse (Hong-Kong) wat tot onlangs nog die pos van Orrelpomper in die Vrystad Marquard beklee het.

Na veelbewoë kruipery (laakbaar) is die volgende ereposisies toegeken:

(1) Hoof van die Generalestaf en Renbane (veral Bluebirds) die magnifieke Generaal Majoor Don Juan Campbell.

(2) Visie onder Ere Adjunk Onder-Generaal die Gestrenge Oudregter Advokaat J. I. Styger.

(3) Sekretaris van Klassikale, Baggiale, Instrumentale Wanklanke, Die Sittende lid vir Nylstroom, die heer Jan Booy Bachsen.

Die volgende Gesantskap word met leedwese binne die hoekvestings van die Republiek erken: Sy Hoog Gestrenge heer Sating HELBERG verteenwoordigende die Republiek Duiwelskloof.

*LEES*———

**Die Westelike Stem**

Enigste Afrikaanse Weekblad wat gepubliseer word vir Wes-Transvaal.

———:o:———

SPORTSBERIGTE, ALGEMENE NUUS.

# KENNISMAKING

## „EERSTEJAAR"

„Onthou nou maar nefie, wanneer jy weer 'n huurmotor nodig kry, bel maar net 537. Nou-ja, totsiens dan ... en sterkte hoor!"

„Dankie Meneer en . . . totsiens."

Ja, hier staan ek nou op P.U.K.-terrein. Nou is ek mos 'n groot man. My eie baas. Het ek dan nie verlede jaar die Eindeksamen vir Middelbare-skole met lof afgelê nie! Wat meer is ek was dan verlede jaar skool, atletiek en voetbalkaptein van die groot en bekende Suid-Afrika Hoërskool! Ja, ek die Grote!

Maar wie sê!

„Draak, begewe jou herwaarts! En wie is nou weer hierdie opdrifsel uit die onderwêreld van Chicago wat so vermetel is om hier voor my te staan? Ou here, kom hier en aanskou. „Sies!" „Ba!"

„Ek-e-e is Venter Meneer," bewe ek dit uit.

„O so, Venter né. En as jy nou Venter is wie sou jy sê is die ou heer met wie jy te doen het. Moet nou nie 'n krater van jou maak nie. Redeneer nou die ou sakie mooi uit."

Stilte.

„Jy weet nie, né. Nou raai dan maar. Vat 'n kans, sê ek." Ek twyfel.

„Meneer is seker meneer Venter," het ek geredeneer.

„Wat! Wat sê jy daar jou opdrifsel! Sal ek my vergryp aan jou of sal ek nie!" En hy kom dreigend nader.

„Meneer van der Walt, meneer," prewel ek.

„Spu uit man! Spu uit! Vermetelheid! Dink net! Om my van der Walt te noem hier voor al die ander ou here. Vat nog 'n kans jong, en sê nou wéér verkeerd, hoor!"

Wat nou gedaan. Ver van die huis af en in die middel van die wêreld!

„Nee wat kêrel, jou verstand is benewe normaal. Ek herhaal: As jy Venter is, wie is ek? Toe gou!"

'n Moeilike saak hierdie. Maar, ek móét weer probeer. Ek waag my laaste, my troefkaart. Ek redeneer so: Die ou heer is nie Venter nie. Dus bly daar nog twee moontlikhede oor. Kruger of van der Walt. Van der Walt is dit ook nie; dus bly daar een van die P.U.K. vir C.H.O.-vanne oor: Kruger.

„Dan is Meneer meneer Kruger!" En as dit nou nie is nie! Ek ys as ek daaraan dink.

„Man, maar jy is intelligent! Jy is om die minste te sê vlug van begrip; jy is 'n genie!"

Nou ken ek na 'n geworstel van 'n halfuur darem al een ou heer. Maar, nog is dit die einde nie!

* * * *

„My hartjie my liefie die son sak weg. Die son sak weg; die son sak weg," ens. ens.

Dis op die visvywer sé wal, voor ete, waar 'n mens smorens, smiddags en saans die klaagtone van hierdie treurmare verneem.

* * * *

„Drake!"

„Ja, ek meneer, van ganser harte meneer!" kom dit uit volle bors van



drie-en-sestig drake.

„Sêgé!"

„Ja ek meneer, van ganser harte meneer." Dis ons oorlogskreet.

* * *

„Goeie môre, meneer." Geen antwoord. Wat sou die fout wees? Is die ou here dan stom, of maak hulle maar so? Elke keer maar weer „Môre Meneer," Middag, Meneer," Naand Meneer," en elke keer weer 'n doodse geswyg, net asof jy nooit jou nederige hoflikheid probeer toon het nie. Ons word werklik geïgnoreer! Soe maar nou voel 'n mens darem maar regtig klein en nietig as jy al die ou here, sommige kolossaal van postuur en ander klein van liggaam, so sien swyg en maak asof jy in jou drakoniese toestand gans van die aardbol verdwyn het!

(Vervolg na bls. 8, kol. 1).

*Die Kwaliteit tel altyd.*

Probeer hierdie vir Ekonomiese en durende gemak.

* * *

Sportbaadjies—Embassy.
Sportbroeke—Alba.
Sportskoene—Master 6.
Nuutste Hoede—Battersby.
Pakke Klere—Perfection.
Reënjasse—Durburg.
Pyjamas—Monatic.
Hemde—Consulate.
Onderklere—Meridian.
Dasse—Tootal.
Kouse—Wolsey.
Kruisbande—Guyot.

* * *

ALLES VERKRYGBAAR BY

**TOD SUTTIE'S**

**Die Mans Klerewinkel.**

**BLACK'S**

DAMES EN MANS

UITRUSTERS

* * *

**Posbus 197. Foon 179.**

**KING EDWARDSTRAAT,**
**POTCHEFSTROOM.**

VAN BLOMMESTEIN'S

**BOTTELSTOOR**

**NUWE GEBOUE**
(Regoor Standard Bank)
**King Edwardstraat,**
**POTCHEFSTROOM.**
Foon 72, Posbus 46,
Telegram.: "JEDEIKEN."

Onnodig om van die Kaap te bestel, 'n ondersoek sal u oortuig!

KRY DIE BESTE !

**M. B. BLOCH**

**KERKSTRAAT.**

HUISRAAD, STOWE
en
STOOFPARTE

**Die Firma van**
**DAVY ROBERTSON se ATELJEES**
Alom bekend vir die produksies van die mees moderne **PORTRETTE.**
Ook vervaardig ons **FOTO-RAME.**

**DAVY ROBERTSON**
Bus 99. Telefoon Nos. 317 & 493.
**POTCHEFSTROOM.**
**Ook te Rautenbachs-geboue, Klerksdorp.**

DIE NUUTSTE ONTWERPE.
MODE SE HOOGSTE PUNT.

ENKEL-LISSIE
DAMESSKOENE
vanaf 29/6

**EDWORKS (1936)**
**BEPERK**
**KERKSTRAAT, POTCHEFSTROOM.**

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.KANER
**J. P. V.D. WALT.** L.F.V
Apteker
**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
Foon 929,
**POTCHEFSTROOM.**
* * *
**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

**WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL**

——:o:——

• Kom sien ons vir al u
**SPORTBENODIGHEDE!**

• Ons is en bly die **SPORTWINKEL** van die **Studente.**




## DAMES.

Na byna drie maande rustyd is dit verstaanbaar dat al die sport-entoesiaste oorlopend van energie is, en baie gretig om kragte met andere op die sportveld te meet. Alreeds het die korfbal en hokkie-spanne teen eerstejaarspanne gespeel en dit lyk asof daar nogal heelwat talent onder hulle verskuil is. Hierdie klubs het dan ook heelwat planne vir die jaar. Eerstens is die **hokkie-klub** vanjaar besonder groot en met al die liga- en vriendskaplike wedstryde sal daar heelwat geleentheid vir oefening wees. Waar die planne i.v.m. 'n inter-universitêre toernooi verlede jaar deur die mat geval het is die hokkie-klub vasbeslote om vanjaar daaraan deel te neem, veral aangesien daar 'n moontlikheid is dat dit alhier sal plaasvind. Verder is 'n toer na Krugersdorp gereël. **Die korfbal** wat verlede jaar so skitterend presteer het is vasbeslote om hulle prestasie te herhaal en die Unie-skild hier te hou—veral nou dat Meester Botha weer hier is om met die afrigting te help. Die klub het ook heelwat liga- en vriendskaplike wedstryde in die vooruitsig.

**Ook die dames-jukskei** het die jaar met ywer begin en dit is besonder aanmoedigend dat, waar in die verlede net juffrou T. Struwig vir Wes-Transvaal gaan uitspeel het, 'n hele damesspan die mansspan gaan vergesel.

**Mens kan maar net daagliks die tennisbane dophou** om te besef hoe ywerig die lede van hierdie klub is om vanjaar tennis uit die hoogste rakke te lewer. Die 18de deser is daar dan ook 'n tennis-toernooi gereël en almal wat maar enigsins 'n raket kan hanteer moet gerus inskryf by enige van die bestuurslede—inskrywingsgeld is slegs 'n 1/-. Verder het die klub natuurlik wedstryde met omliggende spanne gereël.

**Die jaar is kort en die programme is vol—ons wil dus net elke Pukkie 'n aangename sportjaar toewens—en Pukkies, die eerste intervasitie is net om die draai, span dus al u kragte in.**

## MANS

(Aangesien ons mans-sportredakteur bedank het en ons nuwe sportredakteur 'n bietjie laat aangewys is, verskyn daar geen sportverslag vir die manssport in hierdie uitgawe nie.—Red.)

## HAAI..!!

Die Reklamekomitee wat belas is met die propagering van die Vreugdedag wil hierdie jaar weer biljoene en biljoene strooibiljette laat druk wat dan d.m.v. vliegtuie uitgestrooi word. Maar . . . ons verkoop die vel nou en die beer is nog nie geskiet nie! Ons het ontwerpe nodig. Ons gaan drie verskillende strooibiljette laat druk. Die eerste biljet moet niks van die vreugdedag bevat nie maar slegs 'n vae aanduiding dat iets groots aan die kom is; die tweede moet 'n bietjie meer vertel en die derde is die ware Jakob wat die kat uit die sak laat. Komaan, Pukke! al wat ons nou wil hê is idees. As u nie kan teken nie, omskryf u idee in woorde en as u wel kan teken, teken dan 'n rowwe sketsie en lê dit aan ons voor. Die bestuur sal dan oordeel watter die beste is. Ontwerpe kan by Mej. L. Neethling p/a Mnr. Joubert, Hoffmanstraat of by Mnr. C. J. Malan, Ons Huis 14, ingehandig word.

L.W.: 'n Mooi bewoording by die tekening sal die aantreklikheid van die biljet verhoog.

C. J. MALAN (voorsitter).

## KARAKTERS UIT KULU.

**Monica:** Sy wil indruk maak op Whitey se prinsipaal.

**Marietjie:** Rokkel Pote se studente af.

**Marthie:** Sy kan dood oor 'n platoniese vriendskap en N.P. van Wyk Louw se gedigte.

**Thresia:** Sy verkies 'n raket, 'n jukskei en 'n hokkiestok. Dit begin egter effens twyfelagtig lyk.

**Lucia:** Piet Venter hou vir haar plek by die Sing-Songs.

**Babs:** Dreig net om te kys met galante tweedejaars.

# Oordenking.

## „AS DIE HERE WIL EN ONS LEWE"

—Jak. 4: 15.

Ons staan aan die begin van 'n nuwe studiejaar! So vele is ons van plan om te doen . . . maar ons weet nie eers wat môre sal gebeur nie. Hoedanig is die menselewe? Dit is maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en dan weer verdwyn . . . en tog die mens se hart het soveel planne wat hy ten uitvoer wil bring. Nou kom Jakobus en hy stel daarteenoor „as die Here **wil** en ons **lewe** . . . ." Dit vertolk 'n **lewensopvatting** aan ons waarteenoor ons veelal **vreemd** staan. Dit is die taal van die **geloof** waaruit spreek **afhanklikheidsbesef** van God—die taal van vaste vertroue en kinderlike **toevoorsig** op God as Skepper en as Vader in Jesus Christus onse Here!

Helaas, die sonde het die mens hierdie geloofstaal laat verleer—hy sou voortaan nie meer rekening hou met God se **wil** nie en sy eie **sterflikheid** sou hy negeer,. Hy sou planne maak —groot planne . . . . en dit sonder met **God** en die **dood** te reken. Hoeveel treffende voorbeelde bied die Heilige Skrif en die geskiedenis ons nie van hierdie **kortsigtige verwaandheid** nie —telkens moes die stem uit die ewigheid beluister word: „Jou **dwaas**, vannag nog sal jy **sterwe.**"

Die taal van die innig **gelowige** is altyd: „As die Here **wil** en ons **lewe**, dan sal ons dit of dat doen." Dis juis **hierin** wat die geloof so uitblink —dat enig iets, selfs elke asemhaling en elke tree op die lewensweg, afhang van dié twee groot dinge: die **wil** van God en die **lewe** van die mens!

Want as God dit nie **wil** dan mag ons dit nie doen; en as ons nie meer **lewe** nie, dan **kan** ons dit nie doen nie. Só spreek die geloof!

As getroue getuie van Jesus Christus het Jakobus hierdie grootse geloofsgedagte opgevang en vertolk. Die Here se **wil** en ons **lewe!**

Laat ons ook in hierdie jaar besef dat dit nog die twee groot vereistes is om „dit of dat" te doen. Baie mede sterwelinge wat groot toekomsplanne gehad het kon dit nie uitvoer nie, of het dit maar half uitgevoer—omdat God se **wil** anders was en die **lewe** ontbreek het. Daarom laat ons in al ons planne buig voor die **wil** van God solank ons die lig van hierdie lewe smaak, en wanneer ons eie planne en verwagtinge ook in hierdie jaar anders verloop as wat ons dit self wou gehad het, berus met die wete dat die **wil** van God anders was.

H. DU PLESSIS.




*Wapenskild*

*van*

*CERES*

Die leuse by hierdie voorbeeld van moderne heraldiek beteken, „Die bekoring van die plek lok ons aan". Hierdie leuse is besonder gepas vir Ceres, „Die Switserland van Suid-Afrika", beroemd ook vir sy sagtevrugte, en sy natuurlike blommeprag. Ewe gepas vir 'n eg Suid-Afrikaanse produk is die naam Kommando-sigarette. Die uitstekende tabak wat vir hierdie sigarette gebruik word, is nog steeds en was altyd, die keur van ons eie Suid-Afrikaanse tabakopbrengs en word deur deskundiges so vermeng dat dit in die smaak val van die Suid-Afrikaanse roker.

RONDE

**Kommando**




**In naam en tradisie,**

**'n eg Suid-Afrikaanse sigaret**

***Koop Suid-Afrikaans—***

**—KOOP KOMMANDO**

**20 vir 1/-**
**50 vir 2/4**

C3-A

Daar is mense wat hulle nie laat omkoop nie, maar net laat betaal.

* * *

Waarvoor ons vandag lag en spot omdat dit nuut is, doen ons môre self.

(Vervolg van bls. 5, kol. 2).

En toe een môre skielik.

„Dag Venter! My genugtig jong, waar was jy al die tyd. Ek het gedag jy is ontvoer. Maar hoor, ek is bly om jou weer te sien!"

„Goeie môre meneer."

„Watse menéér is dit met jou. Ek is Piet Kruger hoor!"

* * * *

Die ontgroening is nou eindelik verby. Vanaand is die ontheffingsgeselligheid en dan is ons ook burgers, alhoewel eerstejaars, ván die P.U.K. Klein en nietig in almal se oë, maar tog burgers. Ek voel dit het my goed gedoen om uit te vind dat ek nie so'n groot man was as wat ek aanvanklik gedink het nie.

Nou sien ek eers hoe ellendig klein ek was toe ek gedink het: ek is nou nét die Man!

## UIT 'N DAGBOEK.

**15 jaar.** Ek wil 'n man hê wat edel en sterk is. Atleties gebou met sielvolle donker oë. Hy moet begaafd wees met 'n kunstenaarsiel. 'n Skilder miskien, of 'n pianis of 'n chirurg. Maar aan die anderkant as hy arm is sal ek dit saam met hom deel. Ons liefde sal genoeg wees en hy sal wel later toon waartoe hy instaat is.

**20 jaar.** Ek wil 'n man hê met goeie vooruitsigte, aantreklik, en 'n kar is 'n groot aanbeveling. Hy moet sosiaal wees, 'n humorsin hê en sy man kan staan.

**25 jaar.** Ek wil 'n man hê met geld en posisie, wat my selfstandigheid sal erken en my soos 'n gelyke behandel.

**30.** Ek wil 'n man hê met geld.

**35 jaar.** Ek wil 'n man hê!!!

(Vervolg van bls. 1, kol. 3).

**voedkundige inrigting te gun, ooreenkomstig sy eie aard en ontwikkeling.**

**Daarby is ons begerig om samewerking en 'n basis te formuleer as grondslag van gemeenskaplike universiteitsbelange.**

Die konferensie het met die waaragtige gevoel van koöperasie besluit om hom in die eerste fase van die besprekings toe te spits op die ooreenkoms van beleidspunte.

Die afgevaardigdes op die konferensie het eenparig die volgende prinsipiële grondslag aanvaar:

**Hierdie vergadering aanvaar die status quo aan die gemengde universiteite as tydelik en ongewensd, en ondersteun die beginsel van afsonderlike fasiliteite vir nie-blanke studente soos tans die geval in die Universiteit van Natal is."**

Aan die verskillende Studenterade is die volgende basis alleen op Verteenwoordigende Studenteraadsbasis, as grondslag vir koöperasie op uitvoerende gebied, voorgedra:

1. **Blanke afgevaardigdes verteenwoordig die blanke universiteite.**
2. **Blanke afgevaardigdes verteenwoordig studente van die gemengde universiteite.**
3. **Nie-blanke afgevaardigdes verteenwoordig suiwer nie-blanke verteenwoordigende Studenterade.**
4. **Daar sal geen vermenging op sosiale gebied plaasvind nie.**

Dit het geblyk dat 'n verdere konferensie gedurende Julie gehou sal moet word om aan die Durbankonferensie finaliteit te verleen, aangesien die konferensie nou deur die individuele Studenterade bekragtig sal moet word. Hierdie konferensie sal dan die finale agenda en basis formuleer vir 'n omvattende konferensie wat aan die einde van die jaar op die voorgestelde samewerkingsgrondslag gehou sal word.

Die Durbankonferensie het dus 'n konstruktiewe beginselfondament gelê waardeur die gedagtewisseling en die samewerking, ook met nie-blanke Studenterade, tot groter heil van inter-universitêre verhoudinge en tot 'n beter verstandhouding van alle welmenende studente in ons land, kan plaasvind. Alleen deur behoorlike rondetafel gedagtewisseling kan die harmoniese samewerking bewerkstellig word, wat onontbeerlik is om alle intelligensie van ons land in 'n gelukkige en tevrede samelewing te koördineer. Dit plaas 'n geweldige verantwoordelikheid op die skouers van die Studenterade van die toekoms.

Op die konferensie is verder aandag gegee aan inter-universitêre sporttoernooie. Die wens bestaan om ook hier te koördineer op die voordeligste finansiële basis. Die menings van die verskillende universitêre sportliggame **word ingewin om ook op hierdie gebied** finaliteit te verkry.

**Inter-universitêre debatte** word in die vooruitsig gestel. Die P.U.K. Debatsvereniging sal ook verder op hierdie gebied sy taak aanvaar, aangesien Pietermaritzburg met groot waardering van die bestaan en behoeftes van hierdie vereniging kennis geneem het.

Mag hierdie uiteensetting daartoe dien om elke P.U.K. student te oriënteer op die gebied van inter-universitêre verhoudinge. Met u medewerking kan ons van krag tot krag voortgaan tot heil van ons inrigting, tot die welvaart van ons land en tot eer van God.

**„In U Lig sien ons Die Lig."**

B. J. LOMBARD.
B. SPOELSTRA.
(Namens die S.R.)

**PUKKE**
IS ALTYD HARTLIK WELKOM BY
**UNIEWINKELS**
AS HULLE IN JOHANNESBURG IS.
**ONS VOORSIEN REEDS:—**
- P.U.K.-KLEURBAADJIES.
- P.U.K.-DASSE.
- P.U.K.-VOETBALTRUIE EN KOUSE.

UNIEWINEKLS BPK.
**Kerkstraat 45. JOHANNESBURG. Foon 22-4746.**

**J.N.J. KRITZINGER**
FOTOGRAAF
**ROYAL HOTEL-GEBOU,**
**Kerkstraat 84, Telefoon 455,**
**POTCHEFSTROOM.**

**AS U 'N FOTO WIL SKENK,**
Kyk dan eers na ons Foto's (in ons Ateljee of by tevrede P.U.Kaners).

Gedruk deur Die Westelike Stem, Potchefstroom en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad.

# DIE STUDENTERAAD

## VERWELKOMING EN BELANGRIKE REGLEMENTE.

## 18 Maart 1950

UITGEGEE DEUR „DIE WAPAD" IN OPDRAG VAN DIE S.R.

**Voor ons lê die jaar 1950. 'n Jaar-van werksaamhede! Om te kan werk is nodig om te weet wat gedoen moet word en hoe dit gedoen moet word. Dit is nodig om 'n oorsig oor die terrein van arbeid te kry.**

Met hierdie doel voor oë publiseer die S.R. 'n „beleidsverklaring t.o.v. die verskillende terreine waarin ons studente werksaam is.

Hiermee bied die S.R. dan sy hand van samewerking aan alle studente. Sonder samewerking is alles 'n gedoemde mislukking. As ons weet wat ons wil, is die helfte van die sukses alreeds behaal.

Ons vra u vriendelike aandag i.v.m. dringende sake:

### 1. DIE S.R. SY GRONDWET EN HUISHOUDELIKE REGLEMENTE.

Hierdie saak is aan 'n kommissie opgedra om te laat hersien. Ongelukkig is die saak nog nie afgehandel nie.

Die volgende „Wapad" sal 'n verslag hieromtrent bevat. Dit raak kleure reëls.

### 2. DIE S.R. EN FINANSIES.

(a) **Finansiële toestand en vooruitsigte:**

(i) Weens die feit dat die S.R. van 1949 hulle finansiële verslag moes opstel toe alle rekeninge van klubs sowel as alle boeke nog nie afgesluit kon word nie, was dit vir hulle onmoontlik om presies die finansiële posisie te weerspieël.

(2) Derhalwe is baie rekenings oorgedra. Ook het die „Besembos" 'n verlies in sy boeke getoon wat nie verwag was nie.

(3) Die S.R. van 1950 moes verlede jaar die S.S.B.-Gesellligheid finansiër.

KLUBS EN VERENIGINGS WORD VERSOEK OM DIE BYLAAG VAN DIE S.R. TE BESTUDEER. DAAR WORD REGLEMENTE UITEENGESIT WAT SAL GELD AS REËL BY ALLE KLUBS EN VERENIGINGS. DAAROM IS DIT NOODSAAKLIK.

(4) Gesien in die lig van bogenoemde is die S.R. se skuld plus-minus £200. Daarby kom 'n oortrokke rekening van £200.

(5) Die finansiële vooruitsigte vir 1950 is ook nie rooskleurig nie. As alle klubs en verenigings daadwerklik probeer bespaar kan ons vanjaar daarin slaag om ons finansies op 'n gesonde basis te bring.

(b) **Algemeen geldende reëls i.v.m. die administrasie en reëlings van klubs en verenigings se finansiële sake.**

(1) Alle transaksies met derde partye moet behalwe waar kredietbasis noodsaaklik is in kontant aangegaan word en kredietinkope moet vermy word omdat:

i. Die finansiële posisie van 'n klub in een oogopslag vasgestel kan word.

ii. Bedrog voorkom word deurdat vreemde persone op klubrekenings koop.

iii. Die S.R. se finansies teen die end van die jaar maklik afgerond kan word.

iv. Kontantbetalinge wek spaarsin by klubs.

(2) Elke uitbetaling moet gepaard gaan met bewysstukke. Geen verskoning sal waar lg. ontbreek by die ouditering van die boeke aanvaar word nie. Waar bewysstukke nie verkrygbaar is nie, moet die klubkaptein of die voorsitter van 'n vereniging en die betrokke sekretaris so 'n uitbetaling sertifiseer. Dit sal egter alleen in uitsonderlike gevalle aanvaar word.

(3) Elke penningmeester van 'n klub of vereniging moet sy boeke hou volgens **bekende boekhoumetodes.**

(4 Elke uitbetaling of ontvangste in die kasboek moet uit-

eengesit word met verwysing na die bewysstukke wat genommer kan word.

(5) Waar klubs of verenigings nie bankrekenings het nie, mag groot bedrae nie in kontant, deur penningmeester gehou word nie. Uitbetalings sal hier per tjek geskied direk vanaf die S.R.

(6) Geen klub of vereniging het die reg om geld aan lede te leen nie. Lenings geskied direk vanaf die S.R.

(c) **Skemas en reëls vir die opstelling van 'n begrotingsplan.**

(1) **Algemeen:**

(a) 'n Opname van voorraad in 'n inventaris onderteken deur die kaptein, voorsitter en die penningmeester met die waarderingswaarde en die beskrywing van elke item.

(b) Die aantal lede van die klub of die vereniging.

(c) Portrette: Die bedrag wat die S.R. toegelaat het vir kapteins en voorsitters.

(d) Die apparaat duidelik uiteen gesit.

(e) Vervoeronkoste met duidelike verwysing na roosters.

(f) Skryfbehoeftes.

(g) Items waarvoor in hierdie skema nie voorsiening gemaak is nie.

(h) Diverse onkoste bv. seëls, telefoonoproepe ens.

(i) Gelde in die vorm van vrywillige fooie verwag.

(2) **Prosedure.**

(a) Klubs se begroting gaan eers na die S.S.B. vir goedkeuring.

(b) Verenigings se begrotings gaan eers na die A.B.K.K. vir goedkeuring.

(c) Hoofliggame se begrotings gaan direk na die S.R. vir goedkeuring.

(d) Nadat die A.B.K.K. en die S.S.B. die begrotings nagegaan het, word dit verwys na die S.R.

(e) Die S.R. sal nie die hele begrotingsbedrag voorskiet nie, maar na die finansiële behoefte van die betrokke klub of vereniging.

LET WEL::

1) Geld deur die S.R. voorgeskiet aan klubs en verenigings mag nie gebruik word vir items anders as gespesifiseer in die begroting nie bv. geld vir reiskoste mag nie gebruik word vir apparaat nie.

2) Indien soiets voorval sal die S.R. die finansiële sake van so 'n klub reël na sy eie goeddunke.

3) Elke item moet noukeurig uiteengesit en gespesifiseer word. Waar beraminge gemaak is, moet verduidelik word hoedat op die geskatte bedrag gekom is.

4) Gelde wat gespaar word van items mag alleen met S.R.-goedkeuring vir ander doeleindes aangewend word.

(d) **Besparings en aanvullings om die geldelike tekorte van die S.R. aan te vul.**

Die betrokke klubs en verenigings is alreeds hieromtrent genader. Ons doen 'n dringende beroep om die oproep van die S.R. in hierdie verband nie te verontagsaam nie.

3. **DIE S.R. EN DIE EERSTEJAARS**

Hieromtrent het die S.R. ook 'n vaste beleid. Die praktiese uitvoering van die beleid het die ou-studente self ondervind. I.v.m. hierdie saak het die S.R. sy uiterste gelewer.

4. **DIE S.R. EN DIE BROSJURE-EKSAMEN.**

a. **Uitgee van 'n nuwe Brosjureboekie:** Omdat die huidige boekie baie verouderd is en soms tot verwarring lei, het die S.R. besluit om die inhoud van die bestaande boekie te hersien. Tot die uitgee van 'n nuwe boekie is nie besluit nie, siende dat die selfstandigwording van die P.U.K. hangende is. Derhalwe is besluit om die hersiende inhoud te laat set en afrol—dit sal teen die einde van die kwartaal gereed wees en te koop aangebied word.

b. **Opstel en korrigeer van vraestelle.** 1. 'n Kommissie van die S.R. stel die vraestelle op, onderhewig aan die goedkeuring van die S.R. 2. Dieselfde kommissie sal die hersienwerk doen. Deur ruilnasien sal 'n gestandaardiseerde skema vir puntetoekenning opgestel word. 3. Alle druipelinge en grensgevalle sal deur die dagbestuur van die Studente-Raad in heroorweging geneem word.

Op grond van bogenoemde kan die S.R. verklaar dat die hele Brosjure-aangeleentheid in 'n baie ernstige lig beskou word. Streng kontrole sal toegepas word.

c. **Mondelinge Brosjure-eksamen:** Enige student wat nie 'n eerstejaar is nie of wat bo 21 jaar oud is kan op aanvraag 'n mondelinge-eksamen aflê—die dagbestuur sal hiervoor verantwoordelik wees.

d. **Hereksamen:** Gedurende die jaar sal 'n hereksamen gereël word.

(Vervolg na bl. 3, kol. 2).

# ONS S.R.-VOORSITTER: „Die hand aan die ploeg, Pukke!"

**Soos 'n klomp ongetemde en ongeleerde jong Afrikanerosse het die Studenteraad van 1950 voor die ploeg ingeval om die land vir die komende seisoen gereed te maak. Na die eerste bontspring, nekomdraai en rukke aan die trektou het die span koers gevat. Die vore is nog krom—ja ons ploeg nog banke!**

Maar . . . . al gaan dit nog skeef en krom, die gewilligheid is immers daar. Hierdie span begin met 'n idealisme—'n ideaal wat saamgevat word in die eenvoudige woord: **DIENS.** Ons is besig om die vore diep te trek en die onkruid uit te roei. Die saailand word voorberei.

En dan . . . die saad! U, geagte dames en here studente, is die saaiers. Vul u saaisakke met vrugbare en gesonde saad. Saad wat sal ontkiem tot iets groots. As u die saad goed sal strooi, sodat elke duim van die akker bedek sal wees, sal die reën kom.

Sagte deurdringende reën. Reën wat die groeikrag sal bevorder. Dit is die seën wat ons almal saam, u die saaiers en ons die ploeërs, sal ontvang as ons arbeid in opregtheid gelewer is.

Sien dan voor u geestesoog die oes! Geel-ryp koringare. Dan sal die maaiers kom . . . die vrug van ons arbeid sal weggepak word in skure. Dit sal verwerk word tot voedsel wat die lewensbloed sal stimuleer; wat die hart vinniger en kragtiger sal laat klop. Ja, deur ons arbeid sal ons voedsel verskaf aan onsself; ons eie innerlike; ons eie krag. Ons sal voedsel verskaf aan ons ALMA MATER, die P.U.K. Ons sal ryke spyse gee aan ons eie land en volk.

Kom, dames en here—laat ons met ywer aan die werk spring. Laat ons doen wat ons hand vind om te doen—gryp die ploegstert vas, dames en here Studenteraadslede. Steek die hand diep in die saaisakke, dames en here studente.

Die tyd om te begin is **NOU.**

W. J. DE KLERK
(Voorsitter, S.R. 1950).

---

(Vervolg van bls. 2, kol. 3).

5. **DIE S.R. EN SY ADMINISTRATIEWE LIGGAME.**

1. **„Die Wapad".**

a. Die redaksie van „Die Wapad" is verantwoordelik aan die S.R. vir ALLES WAT GEPUBLISEER WORD.

b. Die doel van „Die Wapad" is tweeërlei: 1. Dit is die mondstuk van die S.R. 2. Dit is die mondstuk van alle studente en liggame.

c. Die volgende geld as reël vir „Die Wapad": 1. In elke uitgawe van „Die Wapad" sal die S.R. 'n kolom waarneem. Die doel hiervan is om die studente op hoogte te hou met S.R.-aktiwiteite. 2. Enige brief of artikel wat hom teen die S.R. of enige liggaam of gebeurtenis op die P.U.K. uitspreek, moet sodra dit ontvang is aan die dagbestuur oorgelewer word met dien verstande dat die dagbestuur nie die reg het om plasing te weier nie, mits die brief of artikel nie ten strengste teen die P.U.K. se beginsels indruis nie. Die dagbestuur sal dan kommentaar of reaksie lewer of laat lewer deur die betrokke liggame en/of persone. So'n reaksie moet deur die volle S.R.-vergadering goedgekeur word. Die brief of artikel wat die klagte bevat sal dan saam met die reaksie geplaas word.

Doel hiervan: (i) Die studente is sodoende onmiddellik in die geleentheid om die saak in perspektief te sien. Eensydige gedagtegang, onbillike kritiek word so enigsins vermy. (ii) Die klaer se klagte val so nie op dowe ore nie—onmiddellik kry hy reaksie.

d. Alle reeds bestaande reglemente van „Die Wapad" geld.

3. **Die Vreugdedag:** Hier geld geen spesifieke reglemente nie. Die plan van aksie van die Vreugdedag sal met die loop van die tyd deur die Bestuur bekend gestel word.

In die plek van Mnr. P. D. van der Walt is Mnr. P. J. Venter aangewys as voorsitter van die Vreugdedagbestuur.

„Die Besembos": Hier geld ook geen spesifieke reglement nie.

„Die Besembos" moet net alles in die werk stel om finansiëel geen laste vir die S.R. mee te bring nie.

4. **Die Geselligheidskomitee:**

Die naam van hierdie komitee spreek vir homself.

5. **Die Argief:** Die volgende geld as vasstaande reëls vir die argief.

1. Alle besittings, (dit sluit ook in notuleboeke, korrespondensie en ander skryfbehoeftes wat met die geld van die Studente-raad gekoop is) van alle liggame wat direk of indirek onder die Studente-raad val, moet gedurende vakansies en gedurende die kwartaal solank dit nie deur die betrokke liggaam gebruik word nie, in die argief van die Studente-raad vir bewaring gehou word.

2. Alle besittings soos bo bepaal, moet weer in die argief terug geplaas wees teen die einde van die eerste week van die vierde kwartaal.

3. Geen besittings mag aan die begin van die jaar uit die argief gehaal word alvorens 'n week verloop het nadat die universiteit begin het nie.

4. Voorraadopname van alle goedere in die argief moet in die tweede week van die vierde kwartaal geskied deur die argivaris en hulpargivaris wat vir die volgende jaar aangestel is.

5. Liggame wat hul besittings in die argief vir bewaring hou, sal aan die einde van die jaar verantwoording doen vir elke artikel wat aan die begin van die jaar uitgeneem is en gedurende die jaar aangekoop is.

a. Artikels wat dan onherstelbaar gebreek is of weg is, sal met nuwes vervang moet word en artikels wat herstelbaar gebreek is moet heel terug geplaas word.

b. Wie vir die herstel of vervang van artikels verantwoordelik is, moet deur die betrokke liggaam besluit word en nie deur die argivaris nie.

6. Behoorlike gesistematiseerde skriftelike kontrole moet deur die hulpargivaris van alle artikels wat gedurende die jaar uitgeneem en teruggebring word, gehou word.

a. Die hulpargivaris is verantwoordelik vir die sleutel en as hy weggaan moet die argivaris die sleutel hê en as beide die argivaris en hulpargivaris weg is, moet die voorsitter van die A.B. die sleutel kry.

7. Die argief moet altyd in 'n nette toestand wees: Beide die argivaris en hulpargivaris sal hiervoor verantwoordelik gehou word.

8. Die voorsitter van die Studenteraad moet na elke voorraadopname elke jaar die argief se toestand en sy argiefkontroleboeke deeglik ondersoek vir goedkeuring.

6. **DIE S.R. EN SY KONSTITUEERDE LIGGAME:**

ALGEMEEN: Hier geld die beginsel **van soewereiniteit in eie kring.** By benadering is die programme van aksie van die liggame soos volg:

A. **Korps V.V.:**

a. 5 programvergaderings.

b. Gesellige verkeer aan die einde van die jaar. Korps sal ook in 1950 trag om sy krag as vereniging van die studentelewe te bevestig.

B. **A.S.B.**

a. 4 Programvergaderings.

b. Konsentrasiekamp-kerkhof skoffel.

c. Ontvang van die A.S.B.-kongres alhier gedurende Augustus.

d. Uitstappies.

e. Werksaamhede op die gebied van:

1. Skakelkomitee.
2. R.D.B.

Die A.S.B. sal op alle gebied trag om die Christelike nasionale gedagte in ons studentelewe in te dra.

C. **Die A.B.K.K.**

Die A.B.K.K. is die hoofliggaam van die volgende konstituerende liggame.

1. Alabama-Boereorkes.
2. Toneelvereniging.
3. Debatsvereniging.
4. Skaak.

Die A.B.K.K. wil vir 1950 meer na buite uitwerk.

a. Kulturele funksie in die stadsaal deur die A.B.K.K. self gereël.

b. Gradedagkonsert in die hoofgebou deur die Alabama en Toneelvereniging.

c. 'n Toer deur die Alabama.

d. Deelname aan F.A.T.S.A. deur die Toneelvereniging.

e. 4 Programvergaderings.

f. 4 Programvergaderings deur die Debat wat beslis baie interessanthede en nuwighede sal lewer.

g. Skaaktoernooie.

h. Veraangenaming van gesellige verkeer op die P.U.K. In hierdie verband het ons baie interessante programme vir volkspele.

**D. Die S.S.B.** Die terrein van hierdie belangrike hoofliggaam is bekend —van tyd tot tyd sal die sportliggame hulle planne bekend maak.

Die S.R., die deelnemers en die toeskouers het 'n geweldige verantwoordelikheid teenoor die S.S.B.—hulle is die vaandeldraers van die P.U.K. in die sportwêreld.

Laat ons dus almal ons onverdeelde steun toesê aan hierdie liggaam.

7. **DIE S.R. EN SY INTER-UNIVERSITÊRE VERHOUDINGE:**

Na die Juliekonferensie wat sal plaasvind tussen Studenterade te Durban sal 'n vasstaande beleid geformuleer word. Voorlopig verwys ek u na die artikel van Mnr. Spoelstra oor die saak.

Gemeld kan word dat die S.R. die besluite wat geneem is gedurende die Februariekonferensie bekragtig het.

8. **ALGEMEEN:**

1. Die S.R. wil 'n beroep op alle persone, klubs en verenigings doen om die regte prosedure in die studenteorganisasie te volg t.w. deur middel van hoofliggame moet sake onder die S.R. se aandag gebring word—vir sportliggame is dit deur middel van die S.S.B. Vir die Kultuurverenigings d.m.v. die A.B.K.K.

2. Alle ander reëls van die S.R. i.v.m. die kleredrag ens. moet nagekom word—hierdie is 'n saak wat die S.R. as baie belangrik beskou.

Ons dank vir u samewerking tot dusver en voorlopig ons dank vir u samewerking in die toekoms.

W. J. DE KLERK.
(Voorsitter).
J. LIGTHELM.
(Sekretaris).